# Advent Week 1

## 1-7 Desember | Lees Lukas 1:26-38

1. Vertel van 'n keer wat jy terselfdetyd opgewonde en angstig/bang was.
2. Ek wonder hoe Maria gevoel het?
3. Ek wonder waarom Maria gesê het sy stel haarself "tot beskikking van die Here"?
4. Ek wonder of ons vandag nog onsself "tot beskikking van die Here" kan stel? Hoe?

*Bid saam. Gee vir elkeen 'n geleentheid en gesels gerus vooraf oor waarvoor/oor julle wil bid. Miskien wil julle vir God sê dat julle ook bereid is dat God julle gebruik ter wille van die Koninkryk.*

# Advent Week 2

## 8-14 Desember | Lees Matteus 1:18-25

1. Vertel van 'n keer wat jy iets uitgevind het wat jou geskok het.
2. Ek wonder hoe Josef gevoel het nadat hy uitgevind het Maria verwag 'n baba?
3. Ek wonder hoe hy gevoel het nadat die engel hom besoek het?
4. Ek wonder wat "God by ons" vir jou beteken?

*Bid saam. Gee vir elkeen 'n geleentheid en gesels gerus vooraf oor waarvoor/oor julle wil bid. Miskien wil julle dankie sê dat God by ons is en ons help wanneer ons onsekere tye beleef.*

# Advent Week 3

## 15-21 Desember | Lees Lukas 2:8-20

1. Vertel van 'n keer wat jy goeie nuus ontvang het.
2. Ek wonder hoe die skaapwagters gevoel het?
3. Ek wonder waarom skaapwagters die eerste mense was wat die goeie nuus van Jesus se geboorte ontvang het?
4. Ek wonder wat ons sal sê as ons vir iemand moet vertel wat ons alles van Jesus gehoor het?

*Bid saam. Gee vir elkeen 'n geleentheid en gesels gerus vooraf oor waarvoor/oor julle wil bid. Miskien wil julle ook vir God loof en prys soos die skaapwagters.*

# Advent Week 4

## 22-24 Desember | Lees Matteus 2:1-12

1. Vertel van 'n keer wat jy braaf moes wees.
2. Ek wonder hoe die sterrekykers gevoel het?
3. Ek wonder waarom koning Herodes so ontsteld was?
4. Ek wonder of die sterrekykers brawe mense was?
5. Ek wonder of daar tye is wat ons braaf moet wees as ons wil leef soos mense wat Jesus volg.

*Bid saam. Gee vir elkeen 'n geleentheid en gesels gerus vooraf oor waarvoor/oor julle wil bid. Miskien wil julle vir God vra om julle ook braaf te maak om te leef volgens God se wil.*